**Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding**
**Posbus 2151 Randburg 2125**
**Epos: abbo@global.co.za**
**webblad: www.abbo.org.za**
**Tel: 011 886 7414**

# *November 2009*

**Beraders is mense van fluweel en staal**
Om die waarheid in liefde te praat (Ef 4:15) verg dat ons as Bybelse beraders sag sal wees, mense wat omgee, geduld en empatie betoon (1 Tes 2:7b). Terseldertyd moet ons reguit wees, selfs streng (2 Kor 13:2b-4) - Jesus is immers self sag (Matt 9:36) en streng (Matt 1:20).

In die **November-uitgawe** van die nuusbrief word meer vertel van ABBO se opleiding in Bybelse berading en geleenthede vir berading. Bydraes vir die ABBO-Nuus kan gestuur word aan die kantoor: abbo.global.co.za.

## OPLEIDING

### NUWE BESTUURDER

Die bediening van ABBO het so gegroei dat dit moontlik geword het om 'n bestuurder aan te stel wat net op opleiding sal fokus. **Johan Eloff** is aangestel vanaf 1 Januarie 2010. Johan is besonder goed toegerus vir die taak. Benewens tien jaar predikants-ervaring, is hy ook pastorale berader by Elim en in sy privaatpraktyk. Hy het die afgelope paar jaar by ABBO gedien as assesseerder en opleier. Hy het Kursus 3 in sy huidige formaat ontwikkel en hy bied Kursus 1 en 3 aan. **Vorster Combrink** is vanaf 2010 bestuurder: berading en fokus op die oorbruggingsberading by Radiokansel asook die ontginning van ander beradings-geleenthede. Ons wens albei die Here se genade en krag toe!

**Johan Eloff (links) & Vorster Combrink (regs)**

### KURSUS 1: BYBELSE BERADING

Die kontaksessie 10 Okt by Radiokansel is besonder goed bygewoon. Die studente is toegewyd en getuig van persoonlike groei. Die werkstukke wat ingehandig is, was van goeie gehalte. Die assesseerders het die studente met sorg begelei. Die eksamen is vanjaar aangepas en antwoorde sal volgens dieselfde uitkomste as die werkstukke beoordeel word. Studente sal ook skriftelike kommentaar van assesseerders ontvang. Die eksamen tel 40% en die werkstukke gedurende die jaar 60%.

**Kursus 1 Afrikaanse kontaksessie 10 Okt**

**Kursus 1 Engelse kontaksessie: 10 Okt**

## KURSUS 2: BYBELSE BERADINGSPRAKTYK

10 studente het Kursus 2 voltooi en hulle getuig van besondere groei in karakter en beradingsvaardighede. Die studieleier was Vorster Combrink en hy is vanjaar bygestaan deur Ferdie Botha, Kobus Roux, Martina Opperman, Sabina Vilakazi en Alta Petersen.

**Kursus 2-studente 2009**

## OUDSTUDENTE

### Gauteng

Op 31 Okt het ABBO-oudstudente, assosiate en oorbruggingsberaders by Radiokansel saamgekom. Toerusting is gegee oor "Bybelse berading in 'n tradisionele afrika konteks" Die spreker was Isaac Maleke, vise-rektor van Mukanyo Theological College.

**Isaac Maleke**

### Wes-Kaap

Oudstudente in die Wes-Kaap kom van tyd tot tyd saam vir toerusting en onderlinge ondersteuning. Wes-Kapenaars kan vir Adelé Zeelie skakel by 072 747 3429 of 021 885 1430 (gewoonlik by die huis na 5pm), of kantoor by die werk: 021 885 1520; epos: azeelie@mweb.co.za.

### Lenteskool te Shekinah

Baie mense in ons samelewing is verslaaf aan middels, verhoudings, kos, geld of seks. Tydens vanjaar se Lentekamp van 1-13 September het dr Henriëtta Klaasing aan ons toerusting gee oor hoe om sulke mense op 'n Bybelse wyse te beraad.

**Henriëtta Klaasing**

## STUDIEHULP

Daar is op die oomblik 'n paar studente wat ingeskryf is vir Kursus 1 en 2 wat nie in staat is om die volle kursusfooie te betaal nie. As enige oudstudent graag hulp wil verleen in die verband, stuur asb 'n bydrae aan ABBO se Studiefonds by die kantoor.

## KONTEKSTUALISERING VAN LEERMATERIAAL

ABBO beoog om ons die leerinhoud van Kursus 1 te herskryf vir persone wat in swart tradisionele Afrika kontekste berading doen. Temas wat hier van belang is, is byvoorbeeld armoede, werkloosheid, HIV Vigs, tradisionele geloof, ens. Oudstudente wat wil saamwerk aan hierdie projek, kan vir Vorster skakel by vcombrink@lantic.net.

## BEMARKING

Ons mik vir 'n inskrywing van **140 studente vir 2010** se kursusse. Persone wat die kursse

doen, vind soveel baat daarby, dat ons graag baie meer mense daaraan wil blootstel. Ons land het soveel nood en het goed toegeruste Bybelse beraders broodnodig. **As elke oudstudent net een of twee nuwe studente vir 2010 werf**, sal ons maklik die teiken van 140 bereik. Dit sal ABBO ook beter in staat stel om algaande meer opleiers te betrek en vaste personeel aan te stel.

## GELEENTHEDE VIR BERADING

### ASSOSIAATBERADING

ABBO nooi oudstudente om hulle beradingsbediening in assosiasie met ABBO te bedryf. Met die assosiasie skep ABBO geleentheid vir die berader vir 'n geloofwaardige Bybelse beradingsbediening. Verskeie oudstudente is reeds as assosiate geregistreer. Skakel vir Marietjie by die kantoor vir meer inligting.

### OORBRUGGINGSBERADING BY RADIOKANSEL

34 Bybelse beraders doen 24/7 oorbruggingsberading vir Radiokansel onder die bestuur van ABBO. Daar word maandeliks 'n groot aantal telefoonoproepe, briewe en eposse
hanteer. Enkele sake wat aandag geniet het, is die volgende:

- Die koördineerderspos word vanaf 1 Jan 10 vervang met 'n admin pos.
- Die verwysingslys is deurlopend uitgebrei.
- Fasiliteite is verbeter deur 'n skenking van meubels & installering van 'n rekenaar in die beradingslokaal
- Drie sinvolle toerustingsgeleenthede is saam met met ABBO-alumni aangebied
- Ses beraders was vanjaar ingeskryf. Kursus 1: Matthew Dikwidi; Monsley Mathlaba, Thomson Mashakeni en Jerry Hlangwane. Kursus 2: David Mokoena en Jan Lebogo.
- Drie nuwe beraders is in proses van kontraktering en SAAP-akkreditasie (Lettie Louw, Nick Nel en Elize Marais)
- Beradingsartikels is deurlopend op die webblad geplaas
- Patroonprofiele (templates) vir brief- en eposberading is geskryf en aangevul met toepaslike materiaal
- Bybelprogramme is op die beradingslokaal se rekenaar geinstalleer
- Goeie skakeling is bewerkstellig, bv. met die Beradingsentrum van Lewende Woord, dieNational Council Centre Development Ministry (NCCDM) , Shalom T'oren en die Sentrum vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie (SENTIK).

### OLIEWENHOUTBOS

Onder die vaandel van Urbanvest Foundation, 'n welsynsorganisasie, het Annali en Ria Swanepoel deur onder meer pastorale berading, diep spore begin trap in die informele gemeenskap van Olievenhoutbosch, op die R55 net langs Pretoria. Dit is 'n gemeenskap met 'n geraamde inwonergetal van 600,000 mense. Oudstudente wat wil help kan Annali Swanepoel skakel by annali@urbanvest.co.za

### HUIS EBENHAEZER

Hierdie fasiliteit in Daspoort, Pretoria huisves tussen 30 en 40 sorgbehoewende persone – veral hawelose vrouens en kinders. Die volgende oudstudente doen weekliks hier berading: Miriam Goussard; Anjo Fourie en Vorster Combrink.

### LAERSKOOL WESTERLIG

Ferdie Botha doen berading met ouers by hierdie laerskool in Danville, Pretoria. Daar is 'n behoefte aan nog meer beraders. Kontakasb vir: Deleen Wilcocks: westerlig@webafrica.org.za

**'n Gebed vir advent**

*Mag God ons genadig wees en ons seën,*
*mag Hy tot ons redding verskyn,*
*sodat sy dade oor die wêreld heen bekend mag word,*
*sy reddende krag onder alle nasies*
***Ps 67:2-3***